

God se vóór-reg!

Vanweë die onbekende van die dood, vanweë die strafaspek daarvan, is mens van nature bang vir die dood, maar vir gelowiges is daar rede tot lofprysing.

God roep die mens in aansien. Hý skep en verwoes. Hý stuur sy Gees en daar is lewe. Hý neem sy Gees weg en daar is dood.

Ons is onsterflik tot ons werk hier op aarde afgehandel is, onsterflik tot die onsterflike Koning ons huis toe sal roep om daar onsterflik te wees in 'n hoër sin van die woord.

God het die eerste reg op ons, 'n vóór-reg. Verse 25-28 vertel van 'n feestelike optog na die aardse en eenmaal hemelse heiligdom ... Hoe wag die aartsengel nie daarvoor om die laaste basuin te blaas wat Jesus se wederkoms aandui nie?! Dan sal God se kinders in feestelike optog uit alle grafte uit alle rigtings aankom voor sy troon. Dan sal die dood self wegsterf.

Toe God die hekke van die tuin van Eden agter Adam en Eva gesluit het, was dit vir Hom 'n vreugde om die moederbelofte aan hulle te gee van Een wat die kop van die slang sou vermorsel. Toe die deur van die ark agter Noag toemaak is, was dit sy vreugde om agt mense te verlos. Dis God se vreugde om mense te verlos, dink maar aan die gebeure by die Rooi See, aan Dawid en Goliat, Simson en die eselskakebeen.

Die engelkoor, wat eerste deur die herders in die velde by Betlehem gehoor is, weerklank steeds oor ons: "*Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde in die mense in wie God 'n welbehag het ...*", want elke plek wat Jesus in die Vaderhuis voorberei, moet gevul word.

Loof die Here oor sy magtige daade, sy vóór-reg oor die dood!

Sing: Psalm 37:17, 18

Dr. PK Lourens (Bloemfontein)